



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

ONTWERP V2

PRAKTIESE VRAESTEL

NOVEMBER 2010

PUNTE: 100

**TYD: LU1: Praktiese proses/voorbereiding by die skool en/of tuis [50]
LU2: Praktiese produk onder toesig slegs by die skool gedoen, 18 uur [50]**

Hierdie vraestel mag nie voor 16 Augustus 2010 aan kandidate uitgedeel word nie.

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 1 bylae.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie praktiese eksamen bestaan uit EEN vraestel.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE dele:

Die eksamenwerkboek/bronboek (LU1) (A3-grootte) (50 punte)

Die finale praktiese eksamenproduk (LU2) (50 punte)

TOTAAL: 100 PUNTE

INSTRUKSIES AAN KANDIDATE

Die vraestel het twee onderwerpe. Kies slegs EEN van die twee.

1. **OPDRAG/ONDERWERP: Kos tot nadenke**

As kinders het ons almal Hompie Kedompie ('Humpty Dumpty') geken wat op die muur gesit en afgeval het en al die koning se manne wat hom nie weer aanmekaar kon sit nie. Dan was daar die Gemmerbroodmannetjie wat gesê het: 'Vang my as julle kan,' terwyl hy weggehardloop het ... Ons het almal grootgeword met lessies oor kos. Ons onthou steeds ons ouers se woorde wat weerklink: 'Eet jou groente' en rympies soos: ' 'n appel 'n dag laat die dokter wag', 'wortels verbeter jou sig en spinasie maak jou sterker'.

Die 'spinassie-strokiesprent-ikoon', Pop-eye die matroos, vang ons kinderjare se kosrealiteite en -fantasieë vas en ons word bewus van handelsmerke en word ingeligte verbruikers. Vanaf 'n vroeë ouderdom dring ons aan op handelsmerke soos Jungle Oats, want ons glo dat dit ons sterker en slimmer sal maak, ons eet Rice Krispies omdat dit melodieë van 'snap, crackle and pop' uit ons kindertyd oproep en ons sien uit na ons toebie (toebroodjie) vol hoop dat Ma die Melrose onthou het.

Met dié in gedagte word jy uitgenooi om jou ontwerp(e) in te skryf vir 'n kos-en-kookkuns-skou, met die naam 'Kos tot Nadenke'. Die borge se opdrag is duidelik: die onderwerp leen homself tot 'n verskeidenheid kreatiewe ontwerpe en behoort met 'n knippie sout, 'n druppeltjie asyn en liggies gemeng met suurlemoen, geneem te word. En moet asseblief nie roer of eish (ys) bysit nie ... Val weg met 'n 'gesprek' met die verbruiker. Jy mag ook byt, kraak, draai, roer en enige sosiale of omgewingsdebat oor kosverwante kwessies aan die gang sit.

Skep 'n oorspronklike ontwerp in EEN van die volgende ontwerpkateregoreë:

- Kommunikasie-/Inligtingsontwerp
- Handwerk/Ontwerp (basies tweedimensionele ontwerp)
- Handwerk/Ontwerp (basies driedimensionele ontwerp)
- Omgewingsontwerp en Digitale Ontwerp

OF

2. **OPDRAG/ONDERWERP: Fantasiëvlugte**

Jy neem deel aan die kategorie vir 'jong ontwerper' by die Durban July ('n bekende perdewedrengeleentheid wat elke jaar in Durban plaasvind). Hierdie geleentheid word deur 'n groot aantal bekende persoonlikhede verbonde aan die modebedryf bygewoon en word beskou as een van die grootste sosiale byeenkomste vir oud en jonk, die byderwetses en beroemdes. Die Durban July is 'n belangrike geleentheid op die sosiale kalender van die meeste Suid-Afrikaners. Dit is 'n geleentheid waar mense uit hulle pad gaan om daardie dag mooi aan te trek en spesiaal te lyk.

Skep 'n ontwerp vir die Durban July deur die tema 'Fantasiëvlugte' te gebruik. Jy mag verkies om inligtingsontwerpprodukte/-items, byvoorbeeld plakkaat of brosjures, te maak om enige aspek ten opsigte van die Durban July te adverteer. Jy kan dekor-items, soos spyskaarte vir gebruik tydens die formele middagete op die dag van die geleentheid ontwerp. Of anders wil jy dalk driedimensionele ontwerpe skep, byvoorbeeld blommemandjies van gevonde/herwinde materiale, om 'n volhoubare ontwerpoplossing te skep. Sommige kandidate mag verkies om produkte, verpakking, mode-items, geskenkpapier of tekstiele, met beelde wat 'Fantasiëvlugte' uitlig, te skep.

Skep 'n oorspronklike ontwerp in EEN van die volgende ontwerpkategorieë:

- Kommunikasie-/Inligtingsontwerp
- Handwerk/Ontwerp (basies tweedimensionele ontwerp)
- Handwerk/Ontwerp (basies driedimensionele ontwerp)
- Omgewingsontwerp en Digitale Ontwerp

VEREISTES**DEEL 1****PROSES**

1. Alle proses-/voorbereidingswerk vir jou ontwerp moet in 'n bronboek/werkboek (A3-grootte) getoon word.
2. Dit sal die prosesse vanaf konseptualisering tot realisering behels.
3. Deeglike ondersoek van probleme wat deur die ontwerpdrag opgelewer word, moet getoon word.
4. Die ontwerpproses moet in 'n A3-formaat weergegee word.
5. Die werkboek/bronboek moet in die vorm van 'n album aangebied word (dit is in boekvorm).
6. Dit moet maklik kan oopmaak en moet bladsye hê wat maklik omblaai.
7. Die werkboek/bronboek moet van ligte materiaal gemaak wees sodat dit maklik vervoer kan word.
8. Maak seker dat die werkboek professioneel aangebied word.

LET WEL:

- Omdat LU1 (voorbereiding) dieselfde gewigstoekenning as LU2 (die finale produk) het, moet genoeg tyd daaraan bestee word sodat die belangrikheid daarvan erken sal word.
- Jou onderwyser kan by hierdie voorafgaande voorbereidingsessie betrokke wees.
- Jy mag tuis werk.
- Vir nog voorstelle, verwys na die *Leerprogramriglyne (LPR)*, Januarie 2008.

VEREISTES VIR DIE ONTWERPPROSES

Jy moet die volgende toon:

- Bewys van tonale tekening(e) wat verband hou met die finale konsep (1 x A3 of 2 x A4)

Jy mag ook die volgende aanbied/voorlê:

- Uitdrukking van voorneme en beredenering
- Bewys van navorsing
- Bewys van eksperimentering
- Bewys van vrugbare idees (byvoorbeeld klein sketse ('thumb-nail sketches'))
- Bewys van ontwikkelingskonsepte
- Selfevaluering van die proses

KRITERIA

Jy kan van die volgende kriteria gebruik maak:

- Kreatiwiteit en oorspronklikheid
- Tegniek en vakmanskap/handvaardigheid
- Bewys van betrokkenheid by ontwerp: ontwerpelemente
- Bewys van betrokkenheid by ontwerp: ontwerpbeginsels
- Professionele aanbieding

[50]

DEEL 2**PRODUK**

'n Tweedimensionele ontwerp behoort nie groter as A2-grootte te wees nie.

Die grootte van 'n driedimensionele ontwerp sal afhang van die funksie van die voorwerp wat gemaak word. Hou in gedagte dat die finale produk na 'n sentrale nasiensentrum vervoer sal moet word.

LET WEL:

- Jou onderwyser mag jou glad nie gedurende die finale produksie van die ontwerp help nie.
- ALLE werk moet onder toesig van die onderwyser by jou skool gedoen word.
- Enige vorm van direkte kopiëring/plagiaat of 'gekoopte' werk sal streng gepeenaliseer word.
- 'n Verklaring van egtheid (BYLAE A) moet deur elke kandidaat voltooi word.
- Werk moet op 'n deurlopende basis tydens kontaktyd plaasvind, byvoorbeeld gedurende drie agtereenvolgende dae van 6 uur elk. Dit kan met jou skool onderhandel word.

KRITERIA VIR DIE ONTWERPPRODUK

Jy moet die volgende kriteria gebruik:

- Kreatiwiteit en oorspronklikheid ten opsigte van die konsep en oplossing(s)
- Bewyse van ontwerpbetrokkenheid: ontwerpelemente en -beginsels
- Tegniek en vakmanskap
- Bewyse van ten minste 18 uur se werk
- Professionele aanbieding en funksionaliteit [50]

TOTAAL (LU1 EN LU2): 100

INSTRUKSIES AAN DIE ONDERWYSER:**PRAKTIESE EKSAMEN LU1 (50 PUNTE) EN LU2 (50 PUNTE)**

1. Hierdie praktiese eksamen bestaan uit EEN vraestel. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE dele: **LU1** (die eksamenwerkboek/-bronboek, A3-grootte) en **LU2** (die finale praktiese eksamenproduk).
2. Hierdie praktiese vraestel behoort op 16 Augustus 2010 aan die leerders gegee te word. Eksamen- en inleweringsdatums sal deur die provinsies bepaal word.
3. Omdat LU1 (voorbereiding) dieselfde gewigstoekenning as LU2 (die finale produk) het, moet genoeg tyd daaraan bestee word sodat die belangrikheid daarvan erken sal word.
4. Gevolglik behoort leerders genoeg tyd vir hulle LU1 (voorbereiding) te hê. Die onderwyser kan by hierdie voorafgaande voorbereidingsessie betrokke wees. As gevolg van die voorbereidende aard van LU1, word leerders toegelaat om werk tuis te voltooi.
5. Leerders moet die LU1-bronboek as verwysingspunt gedurende hulle LU2-eksamen gebruik. Beide LU1- en LU2-eksamenwerk moet onmiddellik na voltooiing van die LU2-eksamen aan die eksamenbeampte voorgelê word. Hierdie datum sal deur elke provinsie bepaal word.
6. Die onderwyser mag op GEEN wyse die kandidaat tydens die finale produksie van die ontwerpproduk (LU2) help nie.
7. Enige vorm van direkte kopiëring/plagiaat of 'gekoopte' werk sal streng gepeenaliseer word (GEEN punte).
8. LU2 moet op 'n deurlopende basis tydens kontaktyd plaasvind, byvoorbeeld tydens 3 opeenvolgende dae van 6 uur elk. Jou keuse van eksamentyd-opsies moet met jou skool onderhandel word.
9. LU2 moet by die leerder se eksamensentrum onder toesig van die onderwyser plaasvind. LU2-werk mag NIE tuis gedoen word NIE. LU2-werk mag NIE uit die eksamenlokaal weggeneem word NIE.
10. Elke provinsie sal die proses betrokke by die nasien van LU1 (bronboek A3) en LU2 (finale produk) bepaal. Skole sal deur die provinsies in kennis gestel word met betrekking tot die datum, tyd en plek vir die voorlegging van werk by die eksamensentrums.
11. Die eksamen-LU1 behoort professioneel in 'n A3-werkboek-/bronboek-formaat in 'n albumvorm aangebied te word.

12. LU1 en LU2 moet netjies en duidelik benoem word. Skrif moet leesbaar wees.
13. Heg BYLAE A aan LU1- en LU2-werk.
14. **Moenie LU1 en LU2 (eksamenwerk) met die PAT'e 1, 3 en 5 (jaarwerk) verwar nie.**

PAT'e 1, 3 EN 5

1. Elke provinsie sal die modereringsproses van die eksamen-LU1 (proses/voorbereiding in die werkboek/bronboek), eksamen-LU2 (finale produk) en PAT'e 1, 3 en 5 bepaal. Skole sal deur die provinsies in kennis gestel word van die datum, tyd en plek vir die moderering van PAT'e 1, 3 en 5 (jaarwerk) en nasien/assessering van die finale eksamenwerk.
2. LU1 moet professioneel in 'n A3-grootte werkboek-/bronboekformaat in 'n albumvorm aangebied word.
3. Kandidate wat nie PAT'e 1, 3 en 5 voorlê nie, sal GEEN punte vir hierdie deel van die eksamen ontvang nie.
4. Die volgende prosedure kan deur elke provinsie aangepas word om by hulle eie proses van moderering/assessering van werk aan die einde van die jaar te pas:

'n Voorbeeld van 'n samestelling van 'n werkboek/bronboek (A3):

- Inhoudsopgawe met leesbare bladsyverwysings.
- Al die LU1's (proses/voorbereiding) moet in chronologiese volgorde in die werkboek/bronboek (A3) saam met die onderskeie assesseringstate geplaas word, byvoorbeeld voltooide assesseringstaat gevolg deur LU1 (proses/voorbereiding) van PAT 1; voltooide assesseringstaat gevolg deur LU1 (proses/voorbereiding) van PAT 3; voltooide assesseringstaat gevolg deur LU1 (proses/voorbereiding) van PAT 5.

5. Elke provinsie sal die proses betrokke by die inlewering en moderering/assessering van LU2 self bepaal. Moontlike voorbeeld:

Die LU2 (finale produk) van PAT'e 1, 3 en 5 behoort as deel van 'n uitstalling aangebied te word, met die betrokke assesseringstate onder of langs elkeen vir moderering.

6. Besonderhede van hoe die werkboek/bronboek (A3) benader moet word, kan in die *Ontwerp-Leerprogramriglyne* (Januarie 2008) en die *Vakassesseringsriglyne* (Januarie 2008) (DBE-webtuiste) gevind word.

BYLAE A

Hierdie bylae moet losgemaak, gekopieer, voltooi, geteken en op die voorblad van die A3-jaarwerkboek/-bronboek (wat die voorbereiding/proses as deel van die PAT'e bevat) geplak word. Doen dieselfde met die finale eksamenwerkboek/-bronboek (wat die voorbereidingsproses van die finale eksamen bevat). LET WEL: Provinsies kan vereis dat hierdie werk in EEN werkboek/bronboek ingelewer word.

Dui met 'n kruisie (X) aan of dit die jaarwerkboek/-bronboek (PAT'e) en/of die eksamenwerkboek/-bronboek is.

JAARWERKBOEK/-BRONBOEK (voorbereiding/proses as deel van die PAT'e) EN Ontwerpprodukte as deel van die PAT'e	
EKSAMENWERKBOEK/-BRONBOEK (voorbereiding/proses vir finale eksamen) EN Finale ontwerpproduk(te) vir eksamen	

NOVEMBER 2010 PRAKTIESE EKSAMEN

1.	Vaknaam	
2.	Vakkode	

VERKLARING

Hierdie werk is onder toesig van die Ontwerp-onderwyser, en sonder die hulp van enigiemand anders gedoen. Hiermee word gesertifiseer dat al die werk voorgelê, die oorspronklike en eie werk van die kandidaat is.

Sentrumnommer														
Eksamennommer														
Distrik														
Streek														
	Handtekening							Datum						
Kandidaat														
Prinsipaal														
Eksamenbeampte														